

John Pato skryf:

Ek is die ouer van B.R. (Brenton) Pato wat op Saterdag 2 Desember per ambulans na die George-hospitaal geneem is met 'n kopwond (hy is vermoedelik met 'n panga gekap) wat al verlamming aan die een kant van sy liggaam veroorsaak het. Eerstens was die behandeling by die hospitaal onprofessioneel en slorderig. Die dokter (Dr. Lewis) wat, volgens die personeel, tydelik diens doen en van Knysna is, het die wond toegewerk sonder die nodig ondersoek en reinigingsproses.

Omdat die polisie beweer dat my seun 'n verdagte in 'n moord is wat plaasgevind het daardie naweek, het die dokter sy mandaat versuim en toegelaat dat die polisie hom in daai toestand van die hospitaal verwyder sonder dat die behandeling voltooi is. Sy suster, wat by hom was, moes wag vir sy pynpille wat hy by die hospitaal moes kry, want die polisie wou nie wag nie. Volgens my as ouer, moet die dokter sy praktyk heroorweeg en leer hoe om mense te behandel.

Die polisie is onprofessioneel verby en gee nie om nie. My kind is nie 'n krimineel nie en lewer diens in die SANDF. Nie eens 'n krimineel behoort die behandeling te kry wat hy gekry het nie.

Toe hy inmekaar trek van die pyn in die selle, sonder enige koberse, bel die polisie ons om vir hom pynpille te bring. Die Sondag 3 Desember toe ons by die polisiestase kom en sy toestand sien moes ons soebat op ons knieë by die polisie om hom by die hospitaal te kry. Uiteindelik het hulle toegegee.

By die hospitaal gekom moes hy onmiddelik Groote Schuur toe gevlieg word vir 'n operasie. Daar wou die dokters by hom weet wie die wond so swak toegewerk het.

Volgens my seun het die dokters by Groote Schuur splinters uit sy kop verwyder wat die dokter in George net so gelos en toegewerk het.

Ek as ouer sidder oor wat die nagevolge kon gewees het as ons nie Sondag na die polisiestase gegaan het nie.

As ons gewone mense sulke diens van staatsinstansies kry, is daar geen hoop vir ons nie.